

# Wys aan vervolgde gelowiges dat hulle nooit alleen is nie.

Nooit Alleen 2019–2020 is een van die grootste en belangrikste veldtogte van die jaar om praktiese en geestelike ondersteuning te voorsien aan vervolgde Christene in die grootste gevaar.

Word asseblief deel van hierdie drie-maande veldtog, deur h geskenk te stuur in November, Desember en Januarie en sodoende te help om h R10,872,00-doelwit te bereik – en deur spesifiek vir ons broers en susters in Christus te bid.

Jou geskenke en gebede sal direkte versterking bring aan...



## MANS

Hierdie is die vaders, leiers, pastore en Bybel-smokkelaars. Christenmans word meer as enige ander gelowiges, nagejaag, geslaan en tot martelaars gemaak.



## KINDERS

Kinders is die ligdraers van die wêreld. Hulle is ons seuns, dogters, niggies, nefies en kleinkinders – en hulle word mishandel, geboelie, ontvoer, verkrug en getraumatiseer vir hul geloof.



## VROUWE

Dit is die moeders, tannies en oumas. Hulle is dubbel kwesbaar weens hul geloof en hul geslag. Hulle is die stille slagoffers en gebedskrygers.

Help om die Nooit Alleen-doelwit van **R10,872,000** te bereik

“Ons gebede kan gaan waar ons nie kan nie... daar is geen grense en geen tronkmure, geen deure wat toe is wanneer ons bid nie.”

—Broer Andrew,  
Stigter van Geopende Deure

# Nooit alleen-veldtog

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar

## November, Desember & Januarie Gebedsgids



Hierdie mans, vrouens en kinders is ons familie in Christus... en hulle het jou ondersteuning dringend nodig. Jou ruimhartigheid en gebede gee aan hulle hoop en krag in meer as 60 lande om die wêreld. Dankie dat jy deel is van Nooit Alleen 2019-2020!

Vervolg Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgde Christene wêrelwd

Open Doors South Africa

[www.opendooors.org.za](http://www.opendooors.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)

“Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.” Joshua 1:9

**"Bid asseblief saam met my vir ons familie – die mans, vrouens en kinders met wie ons geestelik verbind is deur ons verhouding met Jesus."**

My Vriend/in,

Daar is 'n geheimenis in hoe God ons met ander Christene verenig, ongeag van ras, taal, afstand of enige ander faktor. Maar dít is verseker, ons is een familie in Hom. En Hy is verheug om ons liefde vir mekaar te sien. Soos Hy ons vertel in 1 Petrus 1:22, "julle [moet] mekaar dan ook van harte en vurig liefhê."

Kom ons bewys dus ons diep, biddende en ruimhartige liefde aan ons vervolgde broers en susters – veral nou, gedurende hierdie spesiale Nooit Alleen-veldtog vanaf November tot Januarie.

Mag hulle met absolute sekerheid weet – hulle is nooit alleen nie. Met dank,

Jan Gouws, Uitvoerende Direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika



## NOVEMBER BID VIR MANS

Net soos die Apostel Paulus in die tronk was omdat hy die Evangelie verkondig het, het hy gelowiges van Afrika, Paul, 10 jaar in 'n Eritrese-tronk verduur vir sy geloof. Ons broer vanuit Afrika het gesê, "Ek was siek en in pyn, en was in die versoek om 'n kompromis aan te gaan. Toe dink ek, 'Waar is my hoop? Is dit nie in die hemel nie?' Dit het my siel weer aangevuur. Ek het besluit om nooit op te hou om oor die hemel te dink nie" – en hy het troos gevind in Apostel Paulus se woorde uit die tronk in Kolossense 3:2 om "[my] gedagtes [te rig] op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie."

Bid asseblief vir jou Christenbroers hierdie maand...

**WEEK 1** Bid vir Christenmans wat in die tronk is en ander moeilike omstandighede moet verduur. Bid dat hulle krag sal ontvang om aan Jesus was te hou.

**WEEK 2** Vra dat God werk en finansies aan Christenmans sal voorsien wat sosiale uitsluiting, diskriminasie en verlies van werk in die gesig staar.

**WEEK 3** Bid vir beskerming, bemoediging en Christelike literatuur vir pastore wat kerke in vyandige areas lei.

**WEEK 4** Bid vir die mans wat van Islam na Christenskap bekeer het, om opgelei te word in God se Woord en om getrou aan Christus te bly.



## DESEMBER BID VIR KINDERS

God het 'n innige liefde en waardering vir kinders. Dikwels is hulle die eerstes in hul families om die Evangelie te glo en baie lei hul ouers, broers en susters en vriende na Christus. Jesus het gesê, "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is huis vir mense soos hulle." (Markus 10:14).

Laat kinders hierdie maand die fokus van jou gebede wees...

**WEEK 1** Bid dat kinders in elke nasie die Evangelie sal hoor en in hul geloof, waagmoed en toewyding aan Jesus sal groei.

**WEEK 2** Kinders in Christenfamilies ervaar dikwels sosiale uitsluiting en mishandeling vanweë hul ouers se geloof. Bid vir veerkrachtigheid en vir h sterk geloof van hul eie.

**WEEK 3** Bid vir die kinders wie se ouers gesterf het vir God, gevangenes is, en vir diegene wat trauma ervaar het as gevolg van vervolging.

**WEEK 4** Bid dat kerke doeltreffend sal wees in die bediening van kinders en jeug, en dat hulle toegang sal hê tot nuttige hulpbronne om hulle te leer.



## JANUARIE BID VIR VROU

"Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy?" (Joh. 20:15). Dit is wat Jesus aan Maria Magdalena gevra het – en Hy vra steeds daardie vrae aan vroue vandag. Hy wil elkeen vertroos wat seer het en Homself aan Sy dogters openbaar... selfs in plekke waar die Evangelie verbied word.

Wees h bemiddelaar vir jou susters in Christus hierdie maand...

**WEEK 1** Bid vir vroue om sterk in hul geloof te groei en om met selfvertroue die Evangelie met hul kinders en ander te deel.

**WEEK 2** Bid vir beskerming en bemoediging vir geheime gelowiges en vir toegang tot Christelike literatuur en samesyn.

**WEEK 3** Bid vir emosionele en fisiese genesing vir vroue wat diep bedroef, mishandel of getraumatisieerd gelaat is deur vervolging.

**WEEK 4** Bid vir vroulike gevangenes om sterk te staan in hul geloof ten spyte van felle omstandighede en druk om hul geloof te herroep.

**WEEK 5** Bid vir finansiële voorsiening vir verarmde Christenvroue sodat hulle vir hulself en hul kinders kan voorsien.

**Bid asseblief vir die R10,872,00-doelwit om teen 31 Januarie 2020 bereik te word om aan meer vervolgde gelowiges te bewys dat hulle nooit alleen is nie.**